

19 Mei

Sonde die wortel van eensaamheid

Skrifgedeelte: Psalm 25
Fokusgedeelte: Psalm 25:16-22

Die ellende van die lewe en die gebrokenheid daarvan laat die gelowige na binne kyk. Sonde en ellende loop saam. Ellende is die flenters van die sonde. Sonde bring op die ou end eensaamheid.

So bely Dawid dit in Psalm 25:16. Hy is eensaam en verstote. En al is dit dat sy vyande 'n groot aandeel daaraan het, vergeet hy nie dat sy sonde die wortel van sy ellende is nie. Lees maar verse 18 en 19 saam en let op waar staan Dawid se pleit om vergifnis: tussen sy klagte oor die swaarkry waarin hy is aan die eenkant, en die bedreiging van sy baie vyande aan die anderkant. In vers 7 gaan sy skuldgedagtes selfs terug na sy jeugjare en vra hy dat die Here tog nie moet dink aan sy sondes van toe nie. Veral vers 11 is sprekend van sy skuldgevoel. En die skuldgevoel maak sy eensaamheid des te erger.

Daarom roep die digter tot God wat goed is en genadig en selfs vir sondaars die regte pad aanwys, en bid hy dat God hom in sy waarheid lei en hom daarin onderrig.

Jesus was van Gó d verlate. Hy het die diepste eensaamheid aan die kruis deurgemaak.

Eensaam? ... Jy? ... Nie by die Here nie!

Sing: Skrifberyming 14-2

Ds. Bouwie de Klerk (Emeritus)